

Sessie 5. Ek glo!

In die afgelope paar weke het ons die verhale van gelowiges van die eerste groep gelowiges tot die reformasie van geloof in die tyd van die Protestantse Hervorming gevolg. Reg deur hierdie verhale eggo die stem van gelowiges wat in elke generasie en era en in die lig van veranderende omstandighede telkens weer hulle geloof in God opnuut bely het. Alhoewel die woorde van hierdie belydenisse dieselfde gebly het, het dit gelowiges telkens prakties by nuwe plekke in die lewe uitgebring.

In die periode na die opstelling van die Protestantse Belydenisskrifte het 'n periode van ongeveer twee en 'n half eeue verloop sonder dat enige belydenis dokument geskryf is. In 1934 het 'n sameloop van omstandighede gelowiges in Duitsland genoodsaak om hulle stem te laat hoor.

Die Barmen verklaring

Die teologiese verklaring van Barmen het in 1934 as gemeenskaplike belydenis van die Gereformeerdes, Lutherane en Unierte in Duitsland tot stand gekom. Die ideologiese verwarring waardeur die politieke



situasie in Duitsland sedert 1933 gekenmerk is, het dit vir die kerk noodsaaklik gemaak om 'n duidelike woord te spreek. Dit was egter nie eenvoudig nie. Die beleid van die nasionaal-sosialistiese staat was om die kerk polities by sy program te betrek en te laat aanpas. Talle predikante, lidmate en teoloë is in die vloedgolf van die Duitse nasionalisme meegevoer. Die beweging van die *Deutsche Christen* het op 'n aggressiewe manier in die belydenis en kerklike lewe by die nasionaal-sosialistiese ideologie aangepas en aktief probeer om die leiding in die kerk oor te neem. Vir 'n beperkte tyd het dit ook gelyk of dit gaan slaag. In hierdie situasie tree sedert 1933 'n teenbeweging na vore. 'n Belydenis beweging bekend as die *Bekennende Kirche* (Belydende kerke) het gegroei wat dwars deur die land in verset kom teen die gelykstelling van die kerk met die Nasionaal-Sosialistiese politiek (Bevrydende Waarheid – Prof. Willie Jonker).

“Historiese belydenisskrifte het bepaalde bepalings en is vatbaar vir revisie en aanvulling. Belydenis is 'n voortgaande aktiwiteit van die kerk. Belydenisse is nie finale formulerings van die Bybelse leer nie. Dit het met ander woorde nie onaantasbare outoriteit nie” Prof. Willie Jonker.

The **Barmen Declaration** or the **Theological Declaration of Barmen 1934** (Die Barmer Theologische Erklärung) was a document adopted by Christians in Nazi Germany who opposed the *Deutsche Christen* (German Christian movement). In the view of the delegates to the Synod that met in the city of Wuppertal-Barmen in May, 1934, the German Christians had corrupted church government by making it subservient to the state and had introduced Nazi ideology into the German Protestant churches that contradicted the Christian gospel.

The Barmen Declaration includes six theses:

1. The source of revelation is only the Word of God — Jesus Christ. Any other possible sources (earthly powers, for example) will not be accepted.
2. Jesus Christ is the only Lord of all aspects of personal life. There should be no other authority.

3. The message and order of the church should not be influenced by the current political convictions.
4. The church should not be ruled by a leader ("Führer"). There is no hierarchy in the church (Mt 20, 25f).
5. The state should not fulfill the task of the church and vice versa. State and church are both limited to their own business.
6. Therefore, the Barmen Declaration rejects (i) the subordination of the Church to the state and (ii) the subordination of the Word and Spirit to the Church.

'n Nuwe belydenisbeweging in Suid-Afrika. Die Belhar belydenis

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n stroom nuwe belydenisse op ander plekke in die wêreld na vore gekom wat deur die Barmen verklaring geïnspireer is. Die doel was om die kerk in verskillende situasie bewus te maak van sy ware taak deur aan die implikasies van die geloof in Christus te herinner.

Na afloop van die gebeure by Sharpeville in 1960 het agt lidkerke van die Wêreldraad van Kerke (waaronder die NG Kerk en Nederduits Hervormde kerk) tydens die Cottesloe-beraad bymekaargekom om hulle bedenkinge uit te spreek teen die politiek van apartheid. Die verklaring is uiteindelik deur beide die NG en Hervormde kerk verwerp wat die kloof tussen die Afrikaanse kerke en ander kerke in Suid-Afrika drasties vergroot het. Ook binne die NG kerk het die verdeeldheid oor apartheid met tyd vergroot.

Die volgende dokumente was 'n poging tot protes kenmerkend aan die Protestantse geloof tradisie.

REMEMBER SHARPEVILLE



**21 MARCH 1960
69 KILLED
180 WOUNDED**

A Message to the People of South Africa

AUTHORISED SUMMARY

In the name of Jesus Christ.

We are under an obligation to confess anew our commitment to the universal faith of Christians, the eternal Gospel of salvation and security in Christ alone.

The Gospel of Jesus Christ is the good news that in Christ God has broken down the walls of division between God and man, and between man and man.

The Gospel of Jesus Christ declares that Christ is the truth who sets men free from all false hopes of freedom and security.

The Gospel of Jesus Christ declares that God has shown himself as the conqueror of all the forces that threaten to separate and isolate and destroy us.

The Gospel of Jesus Christ declares that God is reconciling us to himself and to each other; and that therefore such barriers as race and nationality have no rightful place in the inclusive brotherhood of Christian disciples.

The Gospel of Jesus Christ declares that God is the master of this world, and that it is to him alone that we owe our primary commitment.


The Gospel of Jesus Christ declares that the Kingdom of God is already present in Christ, demanding our obedience and our faith now.

This Gospel of Jesus Christ offers hope and security for the whole life of man, not just in man's spiritual and ecclesiastic relationships, but for human existence in its entirety. Consequently, we are called to witness to the meaning of the Gospel in the particular circumstances of time and place in which we find ourselves. In South Africa, at this time, we find ourselves in a situation where a policy of racial separation is being deliberately effected with increasing rigidity. The doctrine of racial

The Message to the People of South Africa

(1968). Byers Naude het onder andere hom beywer om soos met die Barmen verklaring 'n soortgelyke beweging in Suid-Afrika aan die gang te kry. Hierdie dokument was veral op die politieke situasie toegespits. "Die hoofboodskap daarvan is dat apartheid nie maar net 'n stuk praktiese politiek is nie, maar 'n ideologiese alternatief vir die evangelie" (Willie Jonker, *Bevrydende Waarheid*).

Die Belydenis van Belhar (1982). Die konsep van hierdie belydenis is in 1982 in konsepvorm deur die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk goedgekeur en in 1986 in sy finale vorm as belydenisskrif aanvaar. In die belydenis word die verantwoordelikheid van Christene in Suid-Afrika vir 'n regverdige samelewing beklemtoon asook die plig slegs om aan die burgerlike owerheid gehoorsaam te wees sover as die wette daarvan nie in stryd met die Woord van God is nie.



Dit handel oor die volgende vyf artikels:

1. Christene se geloof in die drie-enige God wat sy kerk deur sy Woord en Gees vergader, beskerm en versorg.
2. Die eenheid van die kerk as die gemeenskap van die heiliges wat uit die ganse menslike geslag geroep is, Eenheid moet sigbaar wees.

3. Die versoenende gemeenskap. Dit word ongeloofwaardig daar waar gelowiges op grond van rassegrondslag vervreemding en haat aanwakker.
4. Die God van geregtigheid op 'n besondere manier die God van die noodlydendes, armes en verontregtes is.
5. Die kerk word slegs geroep om aan Christus gehoorsaam te wees.

Punt 4 is destyds in die NG kerk geleedere gekritiseer as dat dit 'n teologie van bevryding onderskryf. Tog het die NG kerk in 1986 met die dokument *Kerk en Samelewing* bely dat "God immer by uitnemendheid die Een is wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree". Dit is 'n wesenlike element van die Bybelse boodskap.

"Die fout van die teologie van bevryding is nie dat dit verstaan dat God se heil die totale mens en sy hele lewe raak nie, maar dat dit met die gebruikmaking van 'n Marxistiese sosiale analise die Bybelse boodskap dikwels juis vereng tot 'n politieke wapen wat die evangelie aan 'n ideologie diensbaar maak. Daarvan kan die Belydenis van Belhar werklik nie beskuldig word nie" (Wille Jonker, *Bevrydende Waarheid*).

Sien die volledige Belhar belydenis met die begeleidende brief aan die einde van die sessie aangeheg.



Geloof in 'n tyd soos hierdie

Soos wat 'n mens die geloofsverhale van die eerste gelowiges tot vandag volg kom 'n mens onder die indruk van die volgende (dink aan van die Bybelse karakters, vroeë kerkvaders, vroeë Christen gemeentes en Reformatore by wie ons uitgekomm het)

- Geloof was die respons wat by mense opgekomm het soos wat hulle die lewende Here telkens in hulle omstandighede ontmoet het. Alhoewel ons dit met 'n paar basiese woorde teologies verantwoord was dit altyd prakties gerig. Dit het mense wat vasgekeer was deur die lewe by die wysheid en insig uitgebring om opnuut die lewe in hulle midde te realiseer.
- Geloof groei. Elke keer wat die Here ons kom ontmoet kom verander dit ons gevestigde denke oor God, onself, ander en die wêreld waarin ons leef. Daarom moet geloof telkens weer opnuut bely word. Hierdie proses is egter nie altyd 'n pad van maanskyn en rose nie. Die kerk se storie was en sal altyd gebonde wees aan die realiteit dat mense wat in dieselfde Here glo in die lig van hulle kultuur, wêreldbeeld, persoonlikheid en gebeure van mekaar verskil. Te midde van hierdie verskille geld vir almal dieselfde genade.
- Die essensie van ons geloof word baie mooi en eenvoudig saamgevat in die volgende twee teksgedeeltes.

“Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus” (Romeine 3:23-24).

“In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot daad oorgaan” (Galasiërs 5:6).

Wat is die geloof wat die Here vandag in jou deur Sy genade kom losmaak en wat jou in hierdie tyd 'n nuwe perspektief op lewe kom gee?

7. Die Woord in die tyd

Die kerk kan hom nie losmaak van die wêreld waarin hy leef nie. Die kerk is opgeneem in die geskiedenis en is voortdurend geroep om allerlei nuwe situasies in die lig van die Skrif te toets. Die kerk kan dit egter nie uit 'n verwyderde en geïsoleerde posisie êrens bo of buite die wêreld doen nie. Die kerk self is deel van die wêreld en die tyd, en is daarom betrokke by die kulturele en morele veranderings en verskuiwings wat in die loop van die tyd plaasvind.

Die Woord moet deur die kerk in die tyd verstaan en vertolk word, ten einde die tyd en sy tendense profeties te kan beoordeel, maar dit word bemoeilik deurdat die kerk self in sy lees van die Skrif beïnvloed word deur die tyd waarin dit lewe.

Die gevaar vir die kerk

Die gevaar is gevolglik altyd lewensgroot dat die kerk so met die tyd gelykgeskakel kan word, dat dit maar net die opvatting van elke tyd in die Skrif terugvind en religieus sanksioneer. Dan kan die kerk nie objektief teenoor die eie tyd staan om die lig van die bevrydende waarheid van die evangelie daarop te laat val nie.

Maar omgekeerd is die gevaar ook net so groot dat die kerk bly vashou aan die opvattinge en standpunte van 'n vorige kulturele periode en meen dat dit met die waarheid van die Skrif saamval. Ook dan word dit onmoontlik om werklik die lig van die Skrif op die huidige situasie te laat val.

Die versnelde tempo van die sekularisasie, vertegnisering van die lewe en politieke veranderings skep oor die wêreld heen nuwe situasies waarin dit nodig word om te getuig van wat waar en goed, reg en barmhartig is. Die kerk kan hierdie blywende opdrag net reg vervul as dit in verbondenheid aan die belydenis van die kerk van alle eeue ook in die nuwe tyd noukeurig na die Woord van God in die Heilige Skrif luister. Die kerk kan in sy getuienis nie maar net bly staan by wat in die verlede gesê is nie, maar moet gevoelig genoeg vir die leiding van die Heilige Gees wees om in 'n nuwe tyd te kan onderskei waarop dit werklik aankom, en om vreesloos in verband daarmee van Gods bevrydende waarheid te getuig. Alle wendings in kultuur en geskiedenis is nie by voorbaat goed of by voorbaat sleg nie. Maar alle wendings roep om 'n beoordeling daarvan in die lig van die Skrif en om 'n getuienis wat die weg van die Woord van God kan aandui.

Die leiding van die Gees is aan die kerk belowe

In sy aktuele belydenis mag die kerk daarmee reken dat die Gees van God ook vandag nog in die wêreld werk-saam is en dat daar deur historiese gebeurtenisse, rampe en ontwikkelings heen bepaalde fasette van die menslike werklikheid na vore kom wat om 'n woord van belydenis roep wat verder moet gaan as die belydenisse van vroeër, wat fyner moet onderskei, wat die kwaad dieper moet blootlê en die heil suiwerder moet formuleer. Daarvoor is die leiding van die Heilige Gees aan die kerk belowe (Joh. 16:13).

Aan die bevrydende waarheid van die Woord van God het die kerk en die wêreld voortdurend behoefte. Daardie waarheid het verskillende kante en 'n rykdom van betekenis. Wanneer die kerk self daaruit lewe, sal hy in staat wees om in telkens nuwe situasies daardie Woord te verkondig in gemeenskap met die kerk van Christus oor die hele wêreld heen. Want dit is uiteindelik alleen saam met al die heiliges dat die kerk in elke land en situasie daartoe in staat is om te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek (Ef. 3:18).

DIE BELYDENIS 1986
NG Sendingkerk in SA
Bybelse versoening en 'n statutêr geskeide gemeenskap

1. Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.
2. Ons glo aan een heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.
- Ef 2:11-22 Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;
- Ef 4:1-16 dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word;
- Joh 17:20, 23 dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo; dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;
- Fil 2:1-5
1 Kor 12:4-31
Joh 13:1-17
1 Kor 1:10-13
Ef 4:1-6
Ef 3:14-20
1 Kor 10:16-17
1 Kor 11:17-34
Gal 6:2
2 Kor 1:3-4
- dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deur drink is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;
- Rom 12:3-8
1 Kor 12:1-11
Ef 4:7-13
Gal 3:27-28
Jak 2:1-13
- dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kuituur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;
- dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.
- Daarom verwerp ons enige leer wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie, wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;
- wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is,
- wat uitgesproke of onuitgesproke voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.
- 2 Kor 5:17-21
Matt 5:13-16
Matt 5:9
1 Kor 12:13
3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;

Efes 4:17-6:23
Rom 6
Kol 1:9-14
Kol 2:13-19
Kol 3:1-4:6

dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;

dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongelooft die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.

Deut 32:4
Luk 2:14
Joh 14:27
Efes 2:14
Jes 1:16-17
Jak 1:27

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee;

Jak 6:1-6
Luk 1:46-65
Luk 6:20-26
Luk 7:22
Luk 16:19-31
Ps 146

dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hom reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;

Luk 4:16-19
Rom 6:13-18
Amos 5

dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;

dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

Ef 4:15-16
Hand 5:29-33
1 Pet 2:18-25
1 Pet 3:15-18

5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

EENHEID
VERSOENING
GEREGTIGHEID
GEOHOORSAAMHEID

BEGELEIDENDE BRIEF

1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en- politieke situasie binne ons land en veral binne die Ned Geref Kerk-familie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie; maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waanlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.

2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor Wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.

3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelwyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die Ned Geref Kerk-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin saám met ons sal wil maak sodat ons saám kan vry word en saám hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.